

18 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 37:1-11  
Fokusgedeelte: Matteus 5:5

### Geseënd is die sagmoediges

**D**it kom voor asof die verkeerde die oorhand in die wêreld het, asof die dief en die bedrieër en die moordenaar en die dobbelaar die wêreld besit. Daarteenoor lyk dit asof die goeie en die sagmoedige en die nederige nie meer 'n plek vir hulle voete het nie.

Die Here se boodskap is so radikaal anders. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. Die sagmoedige is die een wat 'n kennis van die Here het. Hy weet die Here sal versorg en die Here sal die onreg nie verduur nie. Die sagmoedige is die een wat te midde van onreg wat hom aangedoen word, rustig kan voortwerk en voortlewe. Hy word nie kwaad nie en Hy laat hom nie ontstel deur 'n skelm nie. Hy vertrou op die Here en doen wat goed is. Hy laat die oordeel rustig in die hand van die Here. Hy stap agter Jesus Christus aan op pad na die kruis toe, terwyl die grootste onreg hom aangedoen word. Hy weet dat die Vader sal sorg en die onreg sal wreek.

Geseënd is die mens wat sagmoedig kan wees, want sagmoediges sal jy net kry waar die Gees van God mense se lewens omgekeer het. Dit is 'n vrug van die Gees wat nie vanself in mense na vore kom nie. Uiteindelik sal dit aan die lig kom dat die sagmoedige die aarde sal beërwe. Hulle sal deel hê aan die nuwe aarde onder die nuwe hemel waar daar geen onreg meer sal wees nie. Gaan lewe vandag in vertroue op die Here. Woon en werk rustig voort.

*Sing: Psalm 9:1, 2, 7*

*Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*